Hersieningsoefening (Hoofstuk 16)

Opdrag: Lees vlugtig weer die dialoog op bl. 173.
Gestel jy is Tommy.

Hier volg nou ’n brief aan die man waarin jy om verskoning vra dat jy en jou vriend so oorhaastig opgetree het. Jy moet die brief oorskryf en redigeer.

(1)Kerk straat 10
Kaapstad
8000
10 September 2016

Geagte (2) mr. Jonas

(3) Hierdie brief is seker vir jou ’n verrassing. (4) Ek was ’n regte buffel. (5) Ek dink terug aan wat in u oprit gebeur het. Ek skaam my dood. Laat my toe (6) (te verduidelik) presies wat gebeur het.

Ek en my (7) (goed) vriend het in die pad afgeloop. (8) Ons het oor misdaad in ons omgewing gepraat. Ons het u by die motor sien staan. Al (9) (aan + wat) ons kon dink, was dat u ’n skelm was. (10) Ons gee u nie kans om te praat nie. (11) Ons beskuldig u van leuens en diefstal. U het nie eens die geleentheid gehad om ons (12) (op + dit) te antwoord nie.

(13) Aanvaar my verskoning vir ons swak gedrag. Hier is vir u ’n (14) (vriendelik) uitnodiging om Saterdag saam met ons te kom gholf speel. (15) Daarmee hys ons die (16) wit vlag.

Die uwe
Tommy Japhta

1. Gee die korrekte spelling (1)
2. Gee die korrekte afkorting (1)
3. Gee die korrekte (beleefde) voornaamwoord (1)
4. Is “buffel” sin ’n voorbeeld van konnotasie of denotasie. Motiveer jou antwoord. (2)
5. Verbind die sinne en begin só: As … (2)
6. Skryf die sin oor met die korrekte infinitiewe vorm. (1)
7. Gee die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord. (1)
8. Verbind die sinne met die woord: toe (1)
9. Gee die korrekte vorm van die voornaamwoord (1)
10. Skryf die sin in die verlede tyd. (1)
11. Skryf die sin in die verlede tyd. (1)
12. Gee die korrekte vorm van die voornaamwoord. (1)
13. Skryf die sin oor as ’n versoeksin. (1)
14. Gee die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord. (1)
15 Word die sin letterlik of figuurlik bedoel? Motiveer jou antwoord deur te verduidelik wat die sin beteken. (2)
16. Wat simboliseer ’n wit vlag? (1)
17. Wat simboliseer ’n wit vlag met ’n rooi kruis daarop? (1) Totaal 20

Hierdie bladsy mag gekopieer word.

Hersieningsoefening (Hoofstuk 16)
MEMORANDUM

1. Gee die korrekte spelling (1)
Kerkstraat
2. Gee die korrekte afkorting (1)
mnr.
3. Gee die korrekte (beleefde) voornaamwoord (1)
u
4. Is "buffel" sin 'n voorbeeld van konnotasie of denotasie. Motiveer jou antwoord. (2)
konnotasie. (1) Dis 'n metafoor en verwys na die man se swak gedrag. (1)
5. Verbind die sinne en begin só: As … (2)
As ek terugdink aan wat in u oprit gebeur het (1), skaam ek my dood. (1)
6. Skryf die sin oor met die korrekte infinitiewe vorm. (1)
Laat my toe om presies te verduidelik wat gebeur het.
7. Gee die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord. (1)
goeie
8. Verbind die sinne met die woord: toe (1)
Ons het oor misdaad in ons omgewing gepraat toe ons u by die motor (ge)sien staan (het).
9. Gee die korrekte vorm van die voornaamwoord (1)
waaraan
10. Skryf die sin in die verlede tyd. (1)
Ons het u nie kans gegee om te praat nie.
11. Skryf die sin in die verlede tyd. (1)
Ons het u van leuens en diefstal beskuldig.
12. Gee die korrekte vorm van die voornaamwoord. (1)
daarop
13. Skryf die sin oor as 'n versoeksin. (1)
Aanvaar asseblief my verskoning vir ons swak gedrag.
14. Gee die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord. (1)
vriendelike
15. Word die sin letterlik of figuurlik bedoel? Motiveer jou antwoord deur te verduidelik wat die sin beteken. (2)
figuurlik. (1) Die briefskrywer wil vrede maak. (1)
16. Wat simboliseer 'n wit vlag? (1)
vrede
17. Wat simboliseer 'n wit vlag met 'n rooi kruis daarop? (1)
Rooikruisvereniging

TOTAAL: 20